

Sondag 6 Maart

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:1-23

Fokusgedeelte: Efesiërs 1:4-5

Prys die Here!

Is jou lewe vol druk en spanning? Voel dinge soms vir jou te veel?

Beide die skrywer en die eerste lesers van die brief aan die Efesiërs het ook druk en spanning in hulle lewens geken. Waarskynlik was Paulus in die tronk toe hy hierdie brief geskryf het, en gaan lees gerus die laaste drie hoofstukke van die brief om te sien watter druk die eerste lesers in hulle omgang met ander mense (ook medegelowiges, huweliksmaats, kinders en werkgewers) moes ervaar. Dinge het soms ellendig in hulle lewens gegaan!

Sommer met die wegtrek van die brief gee Paulus die medisyne om die ellende van die eerste lesers aan te spreek. Hy begin met 'n loflied oor God se werk in hulle lewens. Voor die skepping van die wêreld al het die Here sy gelowiges uitgekies om sy kinders te wees. Dit is nie wat gelowiges gedoen het wat hulle so verdienstelik maak dat die Here hulle met kindskap beloon nie. Nee, in sy wonderlike (vs 6) en ryke (vs 7) genade het die Here in Christus vrylik (vs 6) en oorvloedig (vs 9) redding geskenk en gelowiges syne gemaak, sonder enige aandeel van hulle kant af.

Lofprysing is om oor God se grootheid en genade na te dink en jou daaroor te verwonder. Daarom, wanneer druk en spanning vir jou te veel wil raak, doen wat Paulus in Efesiërs 1 doen en prys die Here vir sy groot genade en seëninge. Verwonder jou daaroor en jy sal troos vind.

Sing: Skrifberyming 1-1:1, 2, 7 (Swart Psalmboek SB 24)

Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)